# Staat moet fokus op landbou – Kirsten

Leon Louw

KAAPSTAD. – Die regering moet op sy landboubeleid fokus as hy politieke en maatskaplike stabiliteit in die land wil hê en meer geld vir inligting en navorsing beskikbaar stel.

Só het prof. Johann Kirsten, voorsitter van die Voedselmoniteringskomitee (VMK), op 'n vergadering van die Durbanville-boerevereniging gesê.

Hy het gesê die regering het nie voedselpryse ernstig genoeg opgeneem nie totdat hy daarop gewys is dat hy anders nie sy inflasieteikens sal haal nie.

Volgens Kirsten is gebrekkige inligting die fundamentele probleem.

As die Nasionale Oesskattingskomitee moet doen wat die mense wil hê dit moet doen, moet baie daarin belê word. "Jy kan nie 'n vrye mark bedryf as daar nie genoeg inligting is nie."

Omtrent alles draai om die mielieprys as dit by voedselpryse kom omdat dit op byna elke gebied 'n invloed het. Die faktore wat daarin 'n rol speel, is egter baie ingewikkeld en nie so eenvoudig soos sommige dit uitmaak nie.

Wat graan betref, het hy gesê die politici se aandag is baie op die Safex-pryse gevestig, maar as jy na die kleinhandelprys van die produkte kyk, is dit redelik stabiel.

Hy het gesê dit is moeilik om vas te stel teen watter prys die rou materiaal in die stelsel gegaan het, maar dit is maklik om die prys in die kleinhandel te monitor.

Hy het gesê daar word nie net na die groot kettingwinkels gekyk nie. Die kleinhandel op die platteland speel ook 'n groot rol, want dit is waar die armste mense woon en waar dikwels groot winste op produkte gemaak word.

Volgens hom het die graanpryse meulenaars in die laaste tyd geknou, soos ook uit maatskappye se finansiële resultate blyk. Daar is min wat boere aan voedselpryse kan doen. Hulle is uitgelwer aan die markkragte.

Volgens hom is dit belangrik om vir die verbruiker te sê wat dit kos om die produk op sy tafel te sit.